

'n Vergelykende ondersoek: Debuutpryse vir Afrikaanse en Nederlandstalige poësie (1990-2009)

Marni Bonthuys

A comparative study: Debut prizes for Afrikaans and Dutch/Flemish poetry (1990-2009)

In this article the findings of a comparative study on the position of debut prizes for poetry in the Afrikaans and Dutch/Flemish literary fields between 1990 and 2009, is provided. The literary award as canonisation mechanism is explored with particular focus on the debut prize (in this case, for poetry) that functions as an indicator of the canonisation potential of new voices within a literary field. A number of debut prizes were identified for this study: The Eugène Marais Prize, the Ingrid Jonker Prize, and the University of Johannesburg (UJ) Debut Prize in Afrikaans; and in Dutch/Flemish the C. Buddingh'-prijs voor nieuwe Nederlandse poëzie; the Debuutprijs Het Liegend Konijn; the Vlaamse Debuutprijs/Herman de Coninck Debuutprijs; the J.C. Bloem-poëzieprijs; the Jo Peters Poëzieprijs; and the Lucy B. en C.W. van der Hoogt-prijs. As case studies, debuts were selected that received more than one debut prize. These Afrikaans casestudies discussed are: H.J. Pieterse for Alruin (1989), Ilse van Staden for Watervlerk (2003), Danie Marais for In die buitenste ruimte (2006) and Loftus Marais for Staans in die algemeen nader aan vensters (2008), whereas Erik Menkveld for De karpersimulator (1997), Hagar Peeters for Koffers zeelucht (2003) and Ester Naomi Perquin for Servetten halfstok (2007) are the Dutch casestudies. Reception studies of these cases were completed and interpreted through different theoretical perspectives. Pierre Bourdieu's field theory (1993, 1994) was employed as a central theoretical focus. Finally, certain patterns and tendencies were identified relating to the factors contributing to the awarding of debut prizes for poetry in the selected period.

1. Inleiding

In hierdie artikel word die bevindinge aangebied wat na vore gekom het in 'n doktorsale studie wat in Desember 2016 afgehandel is¹. Dié vergelykende studie handel oor debuutpryse vir Afrikaanse en Nederlandstalige poësie wat tussen 1990 en 2009 toegeken is en maak bepaalde afleidings aangaande bekroningstendense en -faktore wat 'n rol gespeel het in die periode kort voor en ná die millenniumwending. Prosesse soos kanonisering en literêre evaluering in die twee literêre veld word ook onder die vergrootglas geplaas. In hierdie artikel sal daar ter aanvang 'n kort uiteensetting verskaf word van die struktuur en metodologiese benadering van hierdie studie, gevolg deur afleidings wat daaruit gespruit het.

2. Agtergrond oor studie

Aan die begin van bogenoemde studie is 'n aantal debuutpryse geïdentifiseer waarvoor Afrikaanse en Nederlandstalige poësie in onderskeidelik Suid-Afrika en Nederland/Vlaandere in aanmerking kom. Hoewel daar geen pryse bestaan wat alleenlik aan digdebute in Afrikaans toegeken word nie, kan drie pryse geïdentifiseer word wat hoofsaaklik vir debute bedoel is (of in die geval van die Eugène Maraisprys, 'n eerste of tweede publikasie – Smuts, 2005: 2) waarvoor Afrikaanse digbundels wel in aanmerking kom. Hierdie drie pryse is die Eugène Maraisprys, die Ingrid Jonker-prys, en die Universiteit van Johannesburg se debuutprys (ook bekend as die UJ-debuutprys). Daar bestaan talle pryse vir Nederlandstalige literatuur². Dié literêre pryse waarvoor digdebute of, soortgelyk aan die Eugène Maraisprys, vroeë digterlike publikasies, in aanmerking kom, is: die C. Buddingh'-prijs voor nieuwe Nederlandse poëzie; die Debuutprijs Het Liegend Konijn; die Vlaamse Debuutprijs/Herman de Coninck Debuut-prijs (hierdie prys se naam is tydens die ondersoekperiode na laasgenoemde verander); die J.C. Bloem-poëzieprijs; die Jo Peters Poëzieprijs; en die Lucy B. en C.W. van der Hoogt-prijs. Vir die meeste van hierdie pryse kom letterkunde uit Nederland en Vlaandere in aanmerking – met die uitsondering van die Vlaamse Debuutprijs/Herman de Coninck Debuutprijs waarmee Vlaamse tekste bekroon word (Anoniem, 2017).

Prys	Publikasie	Instansie wat prys toeken	Taalgebied	Genre
Eugène Maraisprys	Vroeë publikasie (vroeë oeuvre kan in aanmerking kom)	SA Akademie vir Wetenskap en Kuns	Suid-Afrika (Afrikaans)	Poësie en prosa
Ingrid Jonker-prys	Debuut	Ingrid Jonker-pryskomitee	Suid-Afrika (Afrikaans en Engels)	Poësie
UJ-debuutprys	Debuut	Universiteit van Johannesburg, Departement Afrikaans	Suid-Afrika (Afrikaans)	Poësie en prosa
C. Buddingh'-prijs voor nieuwe Nederlandse poëzie	Debuut	Stichting Poetry International	Nederland en Vlaandere	Poësie
Debuutprijs Het Liegend Konijn	Debuut	Vlaams-Nederlandse Huis deBuren	Nederland en Vlaandere	Poësie

Herman de Coninck Debuutprijs (vroëer in ondersoekperiode bekend as die Vlaamse Debuutprijs)	Debuut	Boek.be (met steun van die Provincie Antwerpen)	Vlaandere (Nederlanders met sterk Vlaamse bande kom ook in aanmerking)	Poësie (aanvanklik in ondersoekperiode bekroon Vlaamse Debuutprijs beide genres – word later geskei in Herman de Coninck Debuutprijs vir poësie en Vlaamse Debuutprijs vir prosa)
J.C. Bloem-poëzieprijs	Tweede publikasie	Stichting Mr. J.C. Bloem-poëzieprijs	Nederland en Vlaandere	Poësie
Jo Peters Poëzieprijs	Vroëe publikasie	Stichting Jo Peters Poëzieprijs	Nederland en Vlaandere	Poësie
Lucy B. en C.W. van der Hoogt-prijs	Vroëe publikasie (vroëe oeuvre kan in aanmerking kom)	Maatschappij der Nederlandse Letterkunde	Nederland en Vlaandere	Poësie en prosa

Tabel 1: Debuutpryse waarvoor Afrikaanse en Nederlandstalige poësie in aanmerking kom (1990-2009)³

Debuutpryse kan beskou word as 'n instrument wat as 'n tipe barometer funksioneer ten opsigte van die opkomende talent in die letterkunde – sien hier Schouten (1998: 492-493) wat reken dat 'n poësieprijs “de juiste temperatuur van de Nederlandse poëzie” behoort weer te gee. Dit identifiseer as 't ware debutante se kanoniseringspotensiaal. Debutante, oftewel nuwe stemme, is 'n belangrike faset van enige literêre veld. In die eerste plek het die letterkunde nuwe stemme nodig om voort te bestaan. Bourdieu (1993: 6) wys op die magsverhouding tussen die vernuwende, opkomende outeur en die gevestigde een as kardinaal vir die funksionering en ontwikkeling van die literêre veld, aangesien die geskiedenis van die veld ontstaan na aanleiding van die konflik tussen die “established figures and the young challengers”. Tydens die millenniumwending het 'n debat ontstaan oor die bestaan van nuwe of vernuwende stemme in die Afrikaanse veld (sien byvoorbeeld Burger, 2002 en Viljoen, 2002 na aanleiding van 'n gesprek wat by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees op Oudtshoorn in dieselfde jaar plaasgevind het) én die Nederlandstalige literêre veld (Komrij, 1997 en Van Duijnhoven, 1997 voer onder meer 'n debat hieroor in die Nederlandse media en 'n item word daaraan gewy by die Rotterdamse Poetry International ook in 1997). Daar is verskeie redes vir hierdie debat in die onderskeie velde. Die druk op beide Afrikaans en Nederlands in 'n toenemend verengelsende wêreld – eersgenoemde as 'n minderheidstaal binne Suid-Afrika en laasgenoemde as 'n minderheidstaal in Europa – het waarskynlik veral 'n bepalende rol gespeel.

As gevolg van bogenoemde faktore is daar gefokus op prystoekennings vir debuuttekste en spesifiek in die periode tussen 1990 en 2009. Die doel van die studie was dus om te bepaal watter faktore debuutprystoekennings beïnvloed en of daar sekere tendense bestaan wat resente debuutbekronings van poësie betref. Aangesien die studie komparatisties van aard is, is ook ondersoek gedoen na of hierdie tendense verskil en of dit dieselfde is in die Afrikaanse en Nederlandstalige literêre velde.

Wanneer ondersoek ingestel word na studies oor literêre pryse, blyk dit dat kultuurpryse in die algemeen 'n kontroversiële ondersoeksterrein is vir die akademiese navorser. Soos English (2002) in sy navorsing oor die Anglo-Amerikaanse letterkunde aandui: "There is no form of cultural capital so ubiquitous, so powerful, so widely talked about, and yet so little explored by scholars as the cultural prize." Hoewel dit dus 'n bepalende rol in die literêre veld speel, is prystoekennings 'n onderwerp wat grotendeels deur navorsers oor die hoof gesien word. Dit kan waarskynlik teruggevoer word na die feit dat die kwessie van literêre evaluering, die oorkoepelende navorsingsterrein waartoe literêre pryse behoort, nog altyd letterkundiges verdeel het. Daar bestaan naamlik uiteenlopende opinies oor die rol van intrinsieke en ekstrinsieke faktore ten opsigte van die toekenning van waarde aan 'n teks. Die persepsie, moontlik in navolging van die sogenaamde 'harde wetenskappe', dat die evaluering of die hiërargisering van kuns te subjektief is om as 'n wetenskaplike aktiwiteit beskou te kan word, speel ook 'n rol as dit kom by die negering van literêre evaluering as studieveld⁴. Prystoekenningsproses leen sigself veral tot kritiek as gevolg van die kompeterende aard daarvan en word dikwels daarvan beskuldig dat dit 'n tipe 'toeskouersport' is en 'n wedywerige kommersialisering van kuns (English, 2002: 109-112 en Street, 2005: 819) meebring.

Uit die berigginge en artikels oor prystoekennings in die Afrikaanse en Nederlandstalige literêre veld, blyk bogenoemde kritiek duidelik. Die aanname skyn te bestaan dat pryse telkens die terrein is vir die slyp van byltjies – in die verlede in Suid-Afrika spesifiek politieke byltjies. Die debatte rondom die destydse nietoekenning van die Hertzogpryse aan anti-apartheidskrywers soos Adam Small en Breyten Breytenbach (De Vries, 1991; Breytenbach, 1984; Smuts, 2005: 5; Van Coller, 2010: 493-498) is volop. Ek vind in talle van die mediadebate oor die Hertzogprys die uitspraak "wys my die beoordelaars en ek sal vir jou sê wie die prys gaan wen" (sien onder meer De Vries, 1991). Dit is dan ook heel moontlik (miskien voor die hand liggend) dat 'n beoordelingspaneel bestaande uit digters en joernaliste (soos in die geval van die Debuutprijs Het Liegend Konijn) digbundels anders sal beoordeel as 'n groep akademici (soos in die geval van die Eugène Maraisprys se Letterkundekommissie). Hambidge (1993) beklemtoon in 'n rubriek oor die Akademiepryse dat elke letterkundekomitee "sy eie dinamiek"

het en dat dit soms gebeur dat die “beste” boek nie wen nie. Wat dié “dinamiek” en subjektiewe oorwegings binne die onderskeie literêre beoordelingspanele is, is egter nie altyd duidelik nie, aangesien bekronings meestal (behalwe vir die commendatio’s wat gewoonlik bekendgemaak word by die prysoorhandiging) ’n vertroulike aangeleentheid is. Hierdie gebrek aan deursigtigheid het al heelwat gesprek uitgelok – soos met die debat rondom die nietoekenning van die Ingrid Jonker-prys vir ’n Engelse bundel in 2010 (De Vries, 2010). Dié faktore veroorsaak dus dat verskillende pryskomitees binne dieselfde politieke, maatskaplike en literêre klimaat, skrywers van verskillende tekste kan bekroon. Tog is daar ook verskeie voorbeelde van digters wat meer as een literêre prys binne dieselfde beoordelingsperiode verower het. Dit is dus my hipotese dat daar wel ook bepaalde oorkoepelende faktore is wat bekronings bepaal en dat bekronings nie uitsluitlik afhang van die spesifieke subjektiewe dinamika binne die beoordelingspaneel nie.

Om hierdie oorkoepelende faktore en die bekroningstendense wat dit meebring te agterhaal, is daar sewe debute in die ondersoekperiode geïdentifiseer wat meer as een van die reeds genoemde debuutpryse met dieselfde teks verower het. In Afrikaans is die volgende bundels ondersoek: H.J. Pieterse se *Alruin* (1989), Ilse van Staden se *Waternlerk* (2003), Danie Marais se *In die buitenste ruimte* (2006) en Loftus Marais se *Staan in die algemeen nader aan vensters* (2008). Erik Menkveld se *De karpersimulator* (1997), Hagar Peeters se *Koffers zeelucht* (2003)⁵ en Ester Naomi Perquin se *Servetten halfstok* (2007) is die Nederlandstalige gevalle⁶. Hierdie digters en betrokke bundels het as gevallestudies gedien. Resepsietekste (resensies, onderhoude en commendatio’s) van die werk(e) waarvoor hulle bekroon is, is bestudeer en geïnterpreteer aan die hand van vernameerlik Pierre Bourdieu (1993, 1994) se veldteorie asook navorsing wat op sy seminale teorie bou, naamlik Jérôme Meizoz (2010) se postuurteorie en die werk van Kees van Rees en Gillis Dorleijn (2005, 2006) oor literatuuroppvattinge en beeldvorming. Olf Praamstra (1984) en J.A.A. Mooij (1973, 1979) se teorieë aangaande die argumente of kriteria wat in resensies voorkom sowel as navorsers soos Smith (1983), Janssen (1994) en English (2002, 2005) se tekste oor verskillende fasette van kanonisering, is ook betrek. Die navorser het die resepsietekste bestudeer vir sekere herhalende karakteriserings van die betrokke outeur en teks (hierdie faset skakel met die postuurteorie), die literatuuroppvattinge wat die outeur openbaar asook argumente/kriteria wat herhalend deur kritici gebruik word om die waarde wat aan die teks toegeken is, te motiveer. Uit die resepsiestudie is bepaalde tendense ook afgelei met betrekking tot literatuursosiologiese faktore wat hiërargisering in die literêre veld beïnvloed. Ten slotte is hierdie tendense/afleidings vergelyk met betrekking tot die verskillende literêre velde (Afrikaans versus Nederlandstalig). Die vernameerste afleidings aangaande debuutprystoekennings en waardetoekenning word in afdeling 4 saamgevat.

3. Bourdieu se veldteorie en die kwessie van postuur

Om konteks aan onderstaande afleidings te verskaf, word 'n kort uiteensetting van die studie se belangrikste teorie-invalshoek(e) verskaf – spesifiek Pierre Bourdieu se veldteorie en Jérôme Meizoz se postuurteorie. Laasgenoemde ontwikkel die term van “posture” of “postuur (profiel)” waarmee hy verwys na die wyse waarop outeurs 'n beeld van hulself bou en aan hul gehoor (literêr, sowel as nieliterêr) oordra. Sy navorsing bou voort op die teorieë van veral die sosioloog Bourdieu deurdat hy aansluit by bepaalde konsepte wat Bourdieu gebruik om die funksionering van die sogenaamde literêre veld te verklaar. 'n Veld is, soos Johnson (1993: 6) in die redakteursinleiding van die Engelse vertaling van Bourdieu se *The Field of Cultural Production* aandui, 'n gestruktureerde ruimte met sy eie reëls en magsverhoudinge wat naas verskeie ander velde bestaan om 'n bepaalde sosiale formasie te skep. Die ekonomiese veld bestaan dus byvoorbeeld naas die politieke veld, maatskaplike veld en die kulturele veld en al hierdie velde vorm saam die Suid-Afrikaanse samelewing. Hierdie velde is relatief outonoom maar reflekteer mekaar tog wat struktuur betref. Die eie magstryd is die sentrale kenmerk van elke veld en die kwalifiserende kriterium vir insluiting by die veld is volgens Bourdieu (1993: 34) deelname aan die magstryd. Die veld kan gevolglik gedefinieer word as 'n netwerk van objektiewe verhoudings (van oorheersing of onderwerping, komplementariteit of antagonisme, ensovoorts) tussen posisies, asook 'n “krachtenveld” wat invloed uitoefen op almal wat dit betree (Bourdieu, 1994: 280-281). Die mag waaroor die agent beskik, het te make met die posisie wat hy/sy op bewustelike en onbewustelike wyse in die veld opneem. Bourdieu (1993: 51) identifiseer drie oorkoepelende faktore wat magsverhoudinge in die literêre veld bepaal en gevolglik ook sterk skakel met agente se posisie-inname⁷:

- a. Die simboliese mag verbonde daaraan om kuns ter wille van kuns te produseer (en dus nie kommersiële oorwegings in ag hoef te neem nie). Simboliese mag bestaan vernaamlik uit simboliese en kulturele kapitaal. Eersgenoemde hou verband met erkenning, prestige en beroemdheid binne die literêre veld en laasgenoemde met kennis en die geskiedenis van die veld – veral verwerf deur akademiese opleiding in die betrokke vakgebied.
- b. Die agent se ekonomiese of geldelike sukses – hoeveel wins kan uit die produksie van literatuur gegenereer word.
- c. Die status van die agent, soos bepaal deur sy trajek binne die veld. Status of sosiale kapitaal hou verband met 'n agent se kring van kennis, vriende en kollegas binne die veld. Sy/haar trajek verwys na die reeks posisies wat hy/sy in die (dinamiese) veld opneem. Die trajek is die resultaat van die agent se habitus (sy/haar sosiale agtergrond en benadering van die veld)

en strategie (die agent se bewustelike/onbewustelike plan ten opsigte van sy trajek in die veld).

In *De regels van de kunst* gebruik Bourdieu (1994: 263-265) die terme “subveld van beperkte produksie” en “subveld van grootschalige produksie” om tussen die twee pole van die literêre veld te onderskei (weerspieël deur a en b). Die agente/produsente in die subveld van beperkte produksie is ingestel op “spesifieke legitimiteit” – “schrijvers die de erkenning van hun kunstbroeders te beurt is gevallen”. Aan die meer kommersieelgerigte kant van die veld, is ‘sukses’ ’n merker van kwaliteit: “bestsellers worden mede gecreëer door de publicatie van hun verkoopcijfers” (Bourdieu, 1994: 182).

Sy konsep van postuur verklaar Meizoz (2010: 84-86) aan die hand van elemente wat duidelik skakel met Bourdieu se konsepte van simboliese mag, status, trajek, habitus en strategie. In die eerste plek maak postuur net sin in verhouding tot posisie in die literêre veld. Postuur kan ook ’n persona of masker genoem word. Die skrywer skep ’n beeld van homself en hierdie beeld word bevestig en evolueer via sy werk. Dié beeld maak dit moontlik om die skrywer in die veld te identifiseer. Tweedens word ’n postuur nie net deur die betrokke skrywer geskep nie, maar is die skeppingsproses interaktief met ander tussengangers tussen die outeur en die publiek in die literêre veld (soos uitgewers, joernaliste en kritici) wat ook daaraan deelneem. Postuur begin dan by die uitgee van die boek en hoe die uitgewer die boek hanteer met betrekking tot elemente soos die omslag, die dikte van die boek, reklame ensovoorts. Derdens het postuur te make met nieverbale gedrag van die skrywer, sowel as die diskoers wat hy/sy inspan. Nieverbale gedrag sluit sy/haar klere, haarstyl en manières in. Diskoers dui weer op die tekstuele beeld wat die skrywer van hom-/haarself bied, asook uitsprake wat hy/sy byvoorbeeld in onderhoude maak. Laastens het postuur te make met geheue binne die literêre veld. Dit word naamlik gevorm danksy ’n samewerking tussen die individu en die kollektief. Vanuit die individu se eie kennis van die veld, asook die kollektiewe geheue, word daar ’n voorganger gebruik as model vir die skrywer se postuur: “[A]n author is socialised in literary practice in reference to those impressive ancestors whose beliefs, motives, forms, and postures he borrows[.]” (Meizoz, 2010: 85).

Myns insiens is die belangrikste aspek van Meizoz se postuurteorie, die interaktiewe element daaraan verbonde. Die term “imago” (sien onder meer Dera, 2015) wat ook dikwels gebruik word om te verwys na die outeur se posisie in die veld, word van postuur onderskei aangesien eersgenoemde te make het met die outeur se representasie deur ander rolspelers in die veld, terwyl postuur ’n konstruksie is waaraan beide die outeur en ander instansies in die veld meewerk. Meizoz gee te kenne dat as die outeur via sy postuur ’n duidelike beeld het van

sy sosiale rol en posisie in die veld, word sy gedrag in werklikheid voorafbepaal. Die konsep van postuur asook konsepte soos ‘simboliese mag’, ‘status’, ‘habitus’ en ‘trajek’, help gevolglik die navorser om die gedrag en posisie van die individu in die veld beter te verstaan.

4. Afleidings

4.1. *Postuur en status binne die literêre veld*

’n Verbintenis tussen outeurspostuur en bekronings is duidelik in die gevallestudies waargeneem. In die eerste plek vind ek in beide velde oor die verloop van die twintig jaar wat ondersoek is, ’n toename in onderhoude wat in die media verskyn⁸. Dit bevestig ’n uitspraak van De Geest (2013: 47) in ’n artikel oor die posisie van die outeur in die literêre veld. Hy wys daarop dat die outeur tans “alomtegenwoordig” is en reken dat onderhoude en outeursportrette besig is om tradisionele literêre resensies in die media te vervang. Die outeur ‘agter die boek’ genereer dus aandag vir die teks self. Hierdie posisionering – of dan, postuurskepping – van outeurs help om simboliese mag binne die betrokke literêre veld te verwerf en is ongetwyfeld sigbaar in die betrokke ondersoekperiode. Daar is selfs ooreenkomste wat van die bekroondes se posture betref: Van die geïdentifiseerde gevalle in die onderskeie velde maak byvoorbeeld soortgelyke uitsprake en het soortgelyke literatuuropvattinge; is met soortgelyke aktiwiteite binne die literêre veld besig; en het soortgelyke opleiding en agtergrond.

In my studie het ek bevind dat H.J. Pieterse, Erik Menkveld en Ester Naomi Perquin ooreenkomstige posture het. Al drie digters is uiters aktief en bekend binne hulle onderskeie literêre velde en beskik oor heelwat simboliese, sosiale en kulturele kapitaal, asook soortgelyke habitusse. Pieterse, Menkveld en Perquin beklee belangrike posisies as redakteurs van literêre tydskrifte in die onderskeie velde kort ná of vóór bekroning – Pieterse by *Tydskrif vir Letterkunde* (Pieterse, 2012) en Menkveld (Hartman, 2014) asook Perquin (Andriessen, 2012) by *Tirade*. Al drie het verder ’n formele kwalifikasie in die lettere en was op verskillende tydstippe rondom hul debute betrokke by kreatiewe skryfwerk as tersiêre vak – Pieterse as dosent by die Universiteit van Pretoria (Pieterse, 2012), Menkveld as dosent aan die Schrijversvakschool in Amsterdam (Lindner, 2014) en Perquin as student aan laasgenoemde instansie (Van Hulle, 2009). Al drie digters is ook betrokke by die organisasie van podiumpoësie: Pieterse organiseer in die laat 1990’s poësiebekvegte in Pretoria en Johannesburg (hy neem self ook daaraan deel onder die alias Dr. Death) (Nieuwoudt, 2001); Menkveld werk as organiseerder by Poetry International (Hartman, 2014); en Perquin by die Utrechtse Nacht van de Poëzie (Vergeer, 2016).

Figure soos Hagar Peeters, Danie Marais en Loftus Marais het óók ooreenkomstige posture binne hulle onderskeie velde. Al drie is bekende podiumdigters en voorstanders van toeganklike verse. Danie Marais (Van der Merwe, 2007) verklaar byvoorbeeld dat hy nooit verwag het dat sy bundel soveel pryse sou verower nie, aangesien sy gedigte “baie toeganklik is en omdat ek juis probeer om nie ’n soort van akademiese ding te doen nie”, terwyl Loftus Marais in ’n onderhoud met Muller (2009) die spot dryf met die beskouing van die digkuns as “hogere kuns [...] wat [vir] net sommige beskore sou wees” en die idee dat “’n mens vir poësie meer breinselle nodig het”. Peeters sê aan Truijens (2005) oor die kritiek op haar toeganklike verse: “Ik schrijf voor mensen van vlees en bloed. Poëzie die ‘met zichzelf overhoop ligt’, waarin de taal ‘schuurt en wringt’, wat is dat voor een geleuter?” Ten spyte van hierdie literatuuropvatting wat skynbaar indruis teen die akademiese en gekanoniseerde sogenaamde ‘ernstige’ letterkunde, het al drie digters egter akademiese kwalifikasies in die lettere (sien Terblanche 2014a, Terblanche, 2014b en die webblad van die Koninklijke Bibliotheek). Soos Barnard-Naudé (2009) in ’n artikel oor Loftus Marais se debuut aandui, moet die digter die kanon eers heel goed ken voordat hy dit kan ondermyn. Hierdie drie digters posisioneer hulself dus baie doeltreffend in die veld ten opsigte van hulle literaturopvattinge en algemene uitsprake oor die digkuns. In aansluiting hierby, bepleit al drie ook spesifiek die opkoms van jong, nuwe en vernieuwende digters in hulle onderskeie literêre velde en/of posisioneer hulleself as deel van bepaalde vernieuwende bewegings binne die veld. Aan Nel (2006) sê Danie Marais dat “van Van Wyk Louw tot Fokopolisiekar nodig” is om die Afrikaanse poësie te verruim. Hy het dit spesifiek ook oor die opkoms van ’n nuwe generasie jong digters. Loftus Marais sê kort ná hy as Stellenbosse student plagiaat in Melanie Grobler se bekroonde digbundel *Die waterbreker* raakgesien en openbaar het: “Die ding met Melanie is ’n simptome van ’n poëtiesistiem wat dringend nuwe bloed nodig het” (Grundling, 2005). Met sy eie debuut ’n paar jaar later stel hy aan Muller (2009) dat hy met ’n energieke groep digters die Afrikaanse poësieveld deel: “Ronelda Kamfer, Danie Marais en Carina Stander laat my voel of ek in ’n span speel.” Hierdie stelling suggereer dat hulle groep wél ’n nuwe invloed verteenwoordig. Peeters tree saam met Ingmar Heytze en Tommy Wieringa op in die Utrechtse poëtiesirkusse. Hierdie groep was bekend vir hul openlike credo dat poësie na jare van “geheimzinnigdoenerij” nie onverstaanbaar en hoogdrawend moet wees nie, maar maklik verteerbaar en vermaaklik (Koninklijke Bibliotheek). Peeters sê later oor hierdie beweging: “Ons groepje in Utrecht riep ook: ‘Wij zijn de nieuwe jonge schrijvers!’, maar met een vette knipoog” (Truijens, 2005). Die implikasie van haar laaste woorde is klaarblyklik dat hierdie posisionering ironiserend van aard was. Ironiserend of nie – dit was duidelik ’n doeltreffende beweging wat op hierdie manier ’n posisie vir hulle in die literêre veld gevestig het.

Dit is opvallend hoe die media en die outeur self bou aan digters se posture. In die geval van Hagar Peeters word haar vroulikheid en haar posisie as vroulike digter sterk beklemtoon in onderhoude en resensies. Truijens (2005) verwys byvoorbeeld na Peeters se “frêle, meisjesachtige verschiining” en vele van die artikels oor Peeters plaas reekse groot foto’s van die aantreklike vroulike digter, dikwels geposeerd soos modelfoto’s – sien byvoorbeeld Rijghard (2004), Truijens (2005), Schiferli (2008) en onder meer die voorblad van *Passionate Magazine* (September/Oktobre 2008). Peeters is ook spesifiek bekend vir haar gedigte oor vroulike seksualiteit en haar uitsprake oor die posisie van digteresse in die literêre veld. In ’n veelbesproke artikel in *Awater* (Peeters, 2005) het sy dit oor die etikettering van “vrouwen-poëzie” as toeganklike liefdespoësie wat dalk goed verkoop, maar clichématigen sentimenteel is. Loftus Marais in die Afrikaanse veld, word weer telkens in onderhoude beskryf as die “rockster-digter” na aanleiding van sy gelyknamige gedig wat heelwat aandag in sy debuut getrek het. Die digter se sogenaamde onkonvensionele benadering van die digkuns en digterskap kom telkens in die media na vore – al as kreatieweskryfwerkstudent in 2005 tydens sy “gungho” exposé van plagiaat in Grobler se digbundel (Grundlingh, 2005; Hambidge, 2009). Met die publikasie van sy debuut verskyn talle artikels en onderhoude oor Loftus Marais waarin hierdie postuur weer ter sprake kom – onder meer in die reeds vermelde artikel deur Barnard-Naudé (2009); Viljoen (2009) en Hambidge (2009) se resensies; asook onderhoude met Roopnarain (2009) en Muller (2009). Sy voorliefde vir leerbroeke (Roopnarain, 2009) word selfs vermeld wat illustreer wat Meizoz (2010: 84-86) uitwys aangaande die feit dat selfs ’n outeur se kleredrag deel kan uitmaak van sy postuur. Sy punt dat ’n postuur ’n kokonstruksie is deur die outeur en ander agente in die literêre veld, kom dus ook duidelik na vore.

Die enigste van die sewe gevalle wat ek ondersoek het wie se postuur nié werklik skakel met die res nie, is Ilse van Staden. As veearts en natuurwetenskaplike staan sy in die tyd wat haar debuut verskyn⁹, reeds wat opleiding en loopbaan betref, buite die literêre veld (Anoniem, 2007). Die positiewe van hierdie buiteposisie skyn egter te wees dat dit haar onderskei van ander debute van die era. Dieselfde geld vir haar poësie – sy skryf besonder komplekse, sensitiewe en tradisionele natuurgedigte wat juis vernuwend is binne die tydsgees waarin sy debuteer (sien onder andere Smith, 2003), omdat dit anders lyk as die debute van haar generasie. Hierdie buiteposisie as natuurwetenskaplike en die ontginning van natuurtemas vorm dus háár postuur. Uiteindelik gaan dit oor om wat ’n debuutdigter onderskei van sy/haar tydgenote. In Van Staden se geval word die etiket van die “digtende veearts” (sien byvoorbeeld Smith, 2003 en Dick, 2003) byvoorbeeld meermalig in media-tekste oor haar en haar bundel gebruik.

Uiteindelik bou die verowering van hierdie debuutpryse verder aan ’n digter

se postuur en bevestig sy/haar kanoniseringspotensiaal. So verower talle van bogenoemde bekroonde debuutdigters later meer gekanoniseerde of belangriker literêre pryse – H.J. Pieterse verwerf byvoorbeeld die Hertzogprys vir poësie (SA Akademie vir Wetenskap en Kuns) en Ester Naomi Perquin die VSB Poëzieprijs (Literaire prijzen-databasis). Perquin is ook in 2017 verkies as Nederland se Dichter des Vaderlands, terwyl beide Erik Menkveld en Hagar Peeters al op verskillende tydstippe op die kortlys vir hierdie eer was (Koninklijke Bibliotheek).

Dit wil dus voorkom asof die posisionering van die outeur in die literêre veld 'n rol speel met betrekking tot sy kanse om debuutpryse te verower en dat die verowering van debuutpryse weer latere prysbekronings/kanonisering/sukses in die hand werk. Hierdie reproduksiemeganisme word in die volgende afdeling bespreek.

4.2. *Die verskynsel van reproduksie*

Van der Veen (2000: 58) kom tot die volgende slotsom aangaande die Lucy B. en C.W. van der Hoogt-prijs:

Geconcludeerd kan worden dat de jury van de Lucy B. en C.W. van der Hoogt-prijs goed werk heeft verricht. Zij heeft het talent van de bekroonde auteurs goed weten in te schatten. Immers, er is een correlatie tussen de keuzes die de jury maakte en de keuzes die andere belangrijke personen en groepen binnen de literaire wereld maakten.

Dit is nie net Van der Veen wat die 'goeie werk' van 'n debuutprys meet aan die latere sukses wat bekroondes behaal nie – Smuts (2005: 9-10) doen dieselfde as dit kom by die Eugène Maraisprys. Norris (2006: 149) noem literêre pryse by uitstek 'n ruimte waar sosiale reproduksie plaasvind. Verdaasdonk (2008) se navorsing (soos saamgevat in die boek *Snijvlakke van de Literatuurwetenschap*) toon dat die verowering van sekere pryse 'n duidelike rol speel ten opsigte van die verwerwing van ander pryse¹⁰. Smith (1983: 27-30) wys in haar artikel ("Contingencies of Value") oor waardeoordele en kanonisering op die preokkupasie met die tydloosheid van die sogenaamde meesterwerk as tipies van kanoniseringsgesprekke. Volgens haar is hierdie 'tydloosheid' van die histories-gekanoniseerde teks egter juis die gevolg van die feit dat dit oorspronklik aan die kanon vorm gegee het: "[T]he endurance of a classic canonical author such as Homer, in effect, then, owes not to the alleged transcultural or universal value of his works but, on the contrary, to the continuity of their circulation in a particular culture". Dieselfde proses van sirkulasie of reproduksie van literêre waarde blyk ook dikwels die geval by debuutpryse te wees – 'n teks wen een prys na die ander aangesien die eerste toekennings die daaropvolgendes verantwoord of bepaal. Die

beoordelaarsverslag van Hambidge en Pieterse (2005) vir die Ingrid Jonker-prys aan Van Staden illustreer dit op 'n praktiese vlak toe hulle die vroeëre toekennings van die Eugène Maraisprys aan haar vir *Waternlerk* as motivering gebruik vir húl bekroning aan haar vir *Waternlerk*. Die omgekeerde is natuurlik ook waar – orkestrasie vind nie net ná bekroning plaas nie, maar ook vóór bekronings. Digters met groot sosiale, simboliese en kulturele kapitaal staan 'n beter kans om nóg simboliese mag te verwerf danksy bekronings met literêre pryse. Daar is dus ongetwyfeld sprake van wat English (2005: 334) die “winner-takes-all”-verskynsel noem. Dit is my vermoede dat daar in die geval van debuutpryse (soos in die geval van resensies van debute – sien Janssen se omvattende 1994-studie) veral op die oordeel van ander literêre rolspelers (byvoorbeeld vorige toekennings) gesteun word, aangesien die beoordelingspaneel die keuse uit 'n groep onbekende debute moet maak.

Soos aangedui, kom die verskynsel van reproduksie of orkestrasie volgens die navorsing van Janssen (1994), Van Rees (1983), Smith (1983) en De Nooy (1991) in die hêlé literêre veld voor. In die ondersoekperiode is dit opvallend dat kritici mekaar nie net eggo wat waardeoordele betref nie, maar dat dieselfde individue ook weer en weer voorkom wat verskillende fasette van die veld betref. In my gevallestudies is daar voorbeelde waar 'n resensent van 'n digdebuut later in die beoordelingspaneel dien van een of meer van die debuutpryse waarvoor daardie debuut in aanmerking kom. Twee sulke voorbeelde is Arie van den Berg¹¹ (resensent en beoordelaar van *Koffers zeelucht* vir die Jo Peters Poëzieprijs in 2004) en Joan Hambidge¹² (resensent en beoordelaar van *Waternlerk* vir die Ingrid Jonker-prys in 2005) wie se resensies deels woordeliks ooreenstem met beoordelingsverslae vir die pryse waarvan hulle in die jurie dien – Hambidge (Hambidge en Pieterse, 2005) verwys selfs na haar resensie as 'n bron van haar beoordelingsverslag vir die Ingrid Jonker-prys. Daar is ook resensente wat meer as een van die gevalle bespreek. In die Nederlandse veld resenseer Peter de Boer (1997; 2003; 2007) vir *Trouw* en Rob Schouten (1997; 2004; 2007) vir *Vrij Nederland* al drie gevalle (Menkveld, Peeters en Perquin) en Joan Hambidge (1990; 2004; 2006a; 2009) resenseer al vier die Afrikaanse gevalle (Pieterse, Van Staden, Danie Marais en Loftus Marais) vir verskillende publikasies van Media24. Soos veral Janssen (1994: 194-201) bevind, speel vorige aandag en spesifiek positiewe aandag 'n rol wanneer resensente tekste vir bespreking selekteer. Die positiewe oordeel van individuele kritici, spesifiek kritici met baie sosiale, simboliese en kulturele kapitaal, word veral in ag geneem. Die seleksie en oordeel van aktiewe en gerekende individuele resensente (soos Van den Berg en Hambidge), speel dus oënskynlik 'n belangrike rol ten opsigte van debuuttoekennings – uiteraard nog meer so in gevalle waar dié resensent later in die prys se beoordelingspaneel dien.

4.3. *Gedeelde literatuuropvattinge en vernuwing*

Sentraal in Bourdieu (1993, 1994) se veldteorie staan die kwessie van magsblokke en posisie-opname in die literêre veld. Hierdie magsblokke of bewegings deel gewoonlik literatuuropvattinge en 'n uitgesproke literatuuropvatting verseker – soos wat Janssen (1994: 201) en Peeters (2005) aanvoer – dat die groep sosiale en simboliese kapitaal verwerf. Gedeelde literatuuropvattinge speel waarskynlik ook 'n toonaangewende rol in terme van die toekenning van literêre pryse – as die digter se literaturopvatting (wat uitsprake en teks betref) ooreenstem met dié van belangrike figure in die veld en in die jurie, is sy/haar kans beter om bekroon te word. Daar is dus volgens Van Rees en Dorleijn (2006: 27) sprake van 'n heersende denkkader aangaande literatuur op 'n bepaalde moment in die veld en vir literêre navorsers is dit belangrik om hierdie denkkader te probeer reconstrueer sodat kanoniserings (onder meer) beter verstaan kan word.

Wat die vergelyking tussen die heersende literaturopvattinge in die Afrikaanse en Nederlandstalige velde tydens die ondersoekperiode betref, is daar twee duidelike kampe wat in beide literêre velde figureer. Aan die een kant is daar 'n literatuurbeskouing van poësie as liriese taalkunswerke met bepaalde genregebonde kenmerke wat saamhang met 'n oorgelewerde poësietradisie, verdigting, klankstrukturering, ritme, beeldsamehang, kompaktheid, kompleksiteit ensovoorts (Odendaal, 2009 en Spies, 2007). Hierdie poësie kan as avantgardisties (in die sin van taaleksperimentaliteit), uitdagend, hermeties, akademies, ontoeganklik en verhewe bestempel word (Pfeijffer, 2000 en Gerbrandy, 2001). Aan die ander kant is daar die literaturopvatting dat poësie meer toeganklik moet wees en dat 'n interessante vermenging van genres en nuwe invloede prysenswaardig is. Verse kan vryer, spontaner, en meer anekdoties wees, met spreekritmes en 'n verhalende/narratiewe inslag (Odendaal, 2009, Marais, 2010a); daar word gefokus op emosie of effek, asook verse wat filmies beeldend en onmiddellik is (Peeters, 2005, Van Gogh, 1999). Eersgenoemde literatuurbeskouing hoort dan veral tot die binnekamer, tot papier (Spies, 2007: 108) en laasgenoemde leen sigself tot die verhoog en vertonings (Van Gogh, 1999).

Wat hierdie twee literaturopvattinge betref, word daar oor en weer gekritiseer dat tradisionele, ontoeganklike poësie “saai” en “oubollig” is (Peeters aan Rijghard, 2004) en dat dit nuwe bloed of invloed benodig (Grundlingh, 2005 en Van Duijnhoven, 1997); terwyl toegankliker poësie “antipoësie” (Odendaal, 2009: 115) en “kunsmatig” (Spies, 2007: 108) is, of daarvan beskuldig word dat dit, soos Pfeijffer (2000: 78-79) in 'n kontroversiële artikel getiteld “De mythe van de Verstaanbaarheid” verklaar, so voor die hand liggend soos die gebruiksaanwysings van 'n wasmasjien lees. Soos wat daar in 4.1 uiteengesit is, word hierdie literaturopvattinge deur groepe gedeel en lei dit as't ware

ook tot die totstandkoming van die groepe. Hierdie groepe in die verskillende velde reflekteer mekaar: Afrikaanse podiumdigters soos Loftus Marais en Danie Marais se literatuuropvattinge lyk op dié van Hagar Peeters en kic (lede van die Utrechtse poëtiesirkus en diegene opgeneem in die bundel *Sprong naar de sterren*¹³). Afrikaanse kritici soos Lina Spies (2007) se literatuuropvattinge stem weer ooreen met dié van Nederlandse kritici soos Ilja Pfeijffer (2000).

Die beskuldiging teenoor meer tradisionele poësie dat dit ‘nuwe’ invloed benodig, blyk aan te sluit by die literaturopvattinge van Danie Marais, Loftus Marais en Hagar Peeters wat (soos reeds in ‘n vorige afdeling vermeld) die belang van nuwe en vernuwende stemme in die poësie beklemtoon. Die navorsers Mooij (1973: 463) en De Moor (1993: 46-48) asook Praamstra (1984: 251-258) identifiseer die vernuwings-element as een van die belangrikste kriteria/argumente wat in literêre kritiek voorkom. Bourdieu (1994: 195-196) en Janssen (1994: 16) wys op die feit dat die kwessie van vernuwing ‘n sosiale basis eerder as ‘n teksintrinsieke basis het en dat dit veral deur debutante ingespan word om ‘n posisie in die literêre veld te verkry. Volgens Janssen (1994: 16) dra die etiket van vernuwing aansienlik by tot die digter se status. De Geest (2013: 54) reken dat ‘n outonome oeuvre met ‘n sterk herkenbare, outentieke stem, altyd ‘n kwaliteitsmerker vir ‘n outeur is. Hiervolgens maak dit sin dat (die persepsie van) vernuwing veral ‘n rol sal speel by die toekenning van debuutpryse. Naas die kritiek, kom die vraag aangaande wat nou eintlik vernuwend is, ook in die debatte rondom literaturopvattinge voor. Wanneer Ruben van Gogh (1999) dit oor die digters het wie se werk opgeneem is in *Sprong naar de sterren*, word daar deurgaans verwys na dié poësie as ‘n “nuwe ontwikkelinge” in die literêre veld (Van Gogh, 1999). Bourdieu (1993: 60) reken ‘n sogenaamde vernuwende beweging is by uitstek ‘n poging om ‘n sosiale magsblok te verkry.

4.4. Kanoniseringsmeganismes: Wie doen wat waar?

Lourens (1997: 24) identifiseer publikasiemoontlikhede, resensies, literêre wedstryde, verspreiding, reklame, aankope, herdrukke, ensovoorts as kanoniseringsmeganismes. Dit dui dus op bepaalde aktiwiteite binne die literêre veld. Dit is interessant dat die sewe gevalle wat bespreek is, dieselfde tipe aktiwiteite in die literêre veld beoefen. Behalwe Van Staden (Anoniem, 2007) het al die gevalle formele tersiêre opleiding gehad in die lettere en/of die geesteswetenskappe voordat hulle gedebuteer het, met Loftus Marais en Perquin wat kwalifikasies in kreatiewe skryfwerk het (Terblanche, 2014b en Koninklijke Bibliotheek). Met die uitsondering van Pieterse, is al die Afrikaanse gevalle vóór publikasie opgeneem in versamelbundels (spesifiek die *Nuwe stemme*-reeks ten opsigte van die Afrikaanse gevalle¹⁴), terwyl Pieterse (1989a:

1), Loftus Marais (2006), Erik Menkveld (Reints, 2014) en Ester Naomi Perquin (Koninklijke Bibliotheek) se gedigte in literêre tydskrifte gepubliseer is voordat hul debute verskyn het. Danie Marais (2006a) se gedigte het ook feitlik saam met die publikasie van sy debuut in 'n literêre tydskrif verskyn. Volgens De Nooy (1991: 514) was literêre tydskrifte nog altyd 'n "nursery" vir literêre talent – deur hierdie tipe publikasies word die nuwe outeur se naam bekendgestel aan die literêre establishment en so begin die proses van "making a name" reeds voordat die outeur se eerste boek gepubliseer word. Peeters is die enigste van die Nederlandstalige gevalle wie se poësie nie die roete van die literêre tydskrif gevolg het voor publikasie nie. Dit het, soos Pfeijffer (2000) te kenne gee in 'n artikel in *Bzzlletin*, waarskynlik te make met die feit dat sy as bekende podiumdigter nie nodig gehad het om hierdie tradisionele roete tot en met uiteindelijke publikasie te volg nie.

Verskeie van die gevalle se aanstellings as redakteurs van literêre tydskrifte en betrokkenheid by die organisasie van podiumpoësie is in 4.1 vermeld. Pieterse, Loftus Marais en Danie Marais skryf verder vóór hulle debute al artikels en rubrieke vir bekende Afrikaanse dagblaie, terwyl al drie die Nederlandse gevalle bekende rubriekskrywers (Menkveld is veral bekend as resensent) by Nederlandstalige dagblaie is¹⁵. Al die gevalle van wie digbundels veelvuldig bekroon word, word verder uitgegee deur hoofstroomuitgewers soos Tafelberg, De Bezige Bij en Van Oorschot. Pieterse se debuut het by HAUM-Literêr verskyn. Sy tweede (met die Hertzogprys bekroonde) bundel het by Tafelberg verskyn. Verder dien Menkveld, Peeters en Perquin ná hul bekronings in die juries van verskeie van die debuutpryse wat in hierdie studie ondersoek word, en tree almal ook op as beoordelaars vir een van die belangrikste poësiepryse in die Nederlandstalige veld, naamlik die VSB Poëzieprijs (Literaire prijzen-databasis). Sedert 2010 is Danie Marais (2010b) die sameroeper van die Ingrid Jonker-pryskomitee en soos reeds vermeld, tree Pieterse soms as beoordelaar vir hierdie toekenning op (Hambidge en Pieterse, 2005). De Nooy (1988: 544) stel dat die organiseerders van pryse dikwels juis kies vir beoordelaars wat by soveel as moontlik institusies betrokke is om sodoende sosiale en simboliese kapitaal vir die prys te verwerf. Die beoordelaar wen weer simboliese en kulturele kapitaal danksy sy/haar betrokkenheid by 'n kanoniseringsmeganisme. Die werking van literêre pryse bring dus kapitaaluitruiling mee (Norris, 2006: 141-142).

Wat resensies van die betrokke gevalle betref, is dit opvallend dat die meeste van die resensies wat van die Afrikaanse en Nederlandstalige gevalle verskyn het, steeds vóór die eerste bekroning van die skrywer vir die bundel gepubliseer is. Dit varieer tussen ses en agt resensies per geval (Nederlands of Afrikaans) met 'n woordtelling van tussen 200 en 1 400 (die elektroniese gepubliseerde resensies

is in die reël langer en saamgestelde resensies waarin meer as een debuut ter sprake kom, bied 'n korter gedeelte oor elke digbundel). Die uitsondering is Perquin wie se debuut 13 resensies genereer het (Bonthuys, 2016: 280-302). Wat egter in haar geval 'n rol speel, is die toenemende publikasie van saamgestelde resensies in die ondersoekperiode waarin al die genomineerdes vir 'n spesifieke prys (soos die C. Buddingh'-prijs) saam bespreek word. Perquin is naamlik ook die geval wat met die meeste debuutpryse benoem/bekroon is – *Servetten halfstok* het die Debuutprijs Het Liegend Konijn (in 2007) verower. Dit is ook op die kortlys geplaas vir die C. Buddingh'-prijs (2007) en Jo Peters Poëzieprijs (2008). Saam met Perquin se tweede bundel, *Namens de ander*¹⁶, het dit die Lucy B. en C.W. van der Hoogt-prijs in 2009 verower (Van Hulle, 2009). Later, buite die ondersoekperiode van hierdie studie, het *Namens de ander* die J.C. Bloem-poëzieprijs in 2011 en die Jo Peters Poëzieprijs (waarvoor *Servetten halfstok* ook genomineer was) in 2010 verwerf. Aangesien die data wat versamel is nie vergelyk is met debute wat geen pryse verower nie, is dit moeilik om te sê of daar werklik meer resensies verskyn oor die debute wat uiteindelik bekroon is. Dit is egter wél my veronderstelling (veral aangesien Perquin se groot hoeveelheid resensies direk verband hou met haar verskeie nominasies en bekronings) dat die debuutdigters wat meer bekroond is reeds voor hierdie prystoekennings meer resensies genereer as die gemiddelde digdebuut. Soos vroeër in hierdie artikel geïllustreer en die navorser Verroen (1995: 245 – 245) uitwys, bestaan “beroepsjury’s in de meeste gevallen [...] uit critici, die dezelfde recensies optekenden” wat dit onvermydelik maak dat resensies 'n invloed op bekronings sal hê.

Wat kanonisering betref, skakel verskynsels in my studie duidelik met die proses wat Bourdieu (1993: 76) die ‘produksie van geloof’ in die literêre veld noem. Die ‘produksie van geloof’ gaan om die sirkulasie van bepaalde idees wat al so gevestig is dat dit as algemene kennis aanvaar word: “[A] whole philosophical doxa carried along by intellectual rumour” (Bourdieu, 1993: 32). Dit behels volgens hom óók die voortdurende produksie van die ‘charismatiese ideologie’ dat kuns intrinsieke waarde het. Hoewel die outeur se status en vorige pryse duidelik aanleiding gee tot latere bekronings, word daar, soos reeds aangetoon, steeds in gesprekke rondom debuutpryse te kenne gegee dat die debuutprys die vermoë kan hê om ware talent te eien, om 'n digter wat later gekanoniseer sal wees, te identifiseer. Die fokus is dus eerder op die debuutprys as 'n tipe ontdekker van talent of kanoniseringspotensiaal, as die feit dat dit sêlf kon bygedra het tot wat Smith (1983: 30) die voortdurende sirkulasie van waarde noem. Uiteindelik is hierdie persepsie (‘geloof’) dit wat die kulturele spel rondom bekronings (sien English, 2005: 194 en Street, 2005: 819-820) in stand hou.

4.5. *Magstruwelinge en omstredenheid binne die literêre veld*

Bourdieu (1993, 1994) se teoretisering aangaande konflik binne die literêre veld het veral betrekking op die bevindinge van hierdie studie. Soos reeds genoem, illustreer hy hoe alles wat in die literêre veld gebeur, die resultaat is van magstruwelinge: die subveld van beperkte produksie versus die subveld van grootskaalse produksie, simboliese versus ekonomiese kapitaal en debutante versus gevestigde skrywers. Selfs die kwessie van genre versus genre asook hoër sosiale klas versus laer sosiale klas word aangespreek in sy navorsing. Hiernaas sou 'n mens ook magstruwelinge wat faktore soos nasionaliteit en geslag betref, kan byvoeg. In die Nederlandstalige gebied is daar die kwessie van nasionaliteit, met Vlaminge wat in die ondersoekperiode minder kere vir debuutpryse genomineer is as Nederlanders. Daar is verskeie moontlike redes hiervoor. In die eerste plek is die bevolkingsgetal van Vlaandere baie kleiner as in Nederland. Dit is dus wat blote getalle betref voor die hand liggend dat meer Nederlandse digters bekroon en genomineer sou word. Getalle daar gelaat, soos Bourdieu (1993: 39) aandui, staan interne konflikte in die literêre veld nooit onafhanklik van wat in die veld van mag plaasvind nie. Daarom reflekteer die literêre veld dikwels die politieke en ekonomiese veld(e) – Bourdieu (1994: 198) noem dit 'homologie'. Dit is dus onvermydelik dat die politieke en ekonomiese verskille tussen die twee lande 'n impak op die literêre veld sal hê – spesifiek dan ook op verskynsels soos literêre pryse en kanoniserings.

Gender blyk ook 'n twispunt te wees veral as daar na die uitsprake van Peeters (2005) oor “vrouwenpoëzie” (sien ook Vogel, 2001) en die posisie van vroue in die literêre veld gekyk word. Tog is twee van die geselekteerde Nederlandstalige gevalle vroulik. In 'n onderhoud met Van den Breemer (2015) meen die ander Nederlandstalige vroulike geval, Perquin, selfs dat die literêre klimaat in die Nederlande die digteres toenemend bevoordeel. Sy het dit juis oor die aantreklike vroulike postuur van digteresse wat aanklank by die publiek vind: “Leuk, jong en fris doet het beter. [...] Ik heb het gevoel dat de balans tegenwoordig meer doorslaat naar vrouwelijke dichters. Met vrouwen in de poëzie zit het wel snor.” Die gender-debat word nooit geopper in die gesprekke rondom poësie in die Afrikaanse literêre veld nie – hoewel drie uit die vier gevalle mans is, asook die meerderheid bekroondes en genomineerde digters in die ondersoekperiode.

Wat verder opvallend is, is die afwesigheid van die kwessie van sogenaamde sosiaal-betrokke poësie. Behalwe in die geval van Pieterse, jeens wie die kritiek deur enkele letterkundiges geloods word dat sy poësie nie genoeg van 'n politieke bewussyn het en bemoeienis met 'struggle'-temas vertoon nie (Boekkooi, 1990), kom hierdie kwessie nie verder tydens die ondersoekperiode in die Afrikaanse veld aan bod nie. Dít, terwyl daar wat ras betref, nét wit digters (in beide velde)

veelvuldig bekroon word in hierdie ondersoekperiode. In my gevallestudies kom geen debatte aangaande bekronings op grond van ras eers ter sprake nie. Wat dus opval, is dat politieke betrokkenheid (wat tematiek betref), gender, ras en nasionaliteit nie in die ondersoekperiode die tipe polemieke ten opsigte van bekronings uitlok wat 'n mens dalk sou verwag nie. Die feit dat dit waarskynlik wel 'n rol speel wat bekronings betref, is egter nie uitgesluit nie. Soos wat Vogel (2001: 233) oor die posisie van die skryfster illustreer, bestaan daar bepaalde geïnstitutionaliseerde literatuuropvattinge aangaande kwaliteit (wat byvoorbeeld “vrouwenliteratuur” as minder geslaagd beskou) wat ongetwyfeld steeds 'n impak het op hoe literatuur beoordeel word.

English (2005: 196-212) meen dat literêre pryse 'n groot hoeveelheid van hulle simboliese kapitaal verwerf danksy omstredenheid en skandale. Dink hier byvoorbeeld aan die roemryke Bookerprys – volgens English (2005: 207) 'n bekroning wat sy “greatest symbolic profit” verwerf danksy “its status as a kind of cultural embarrassment”. Belangrike debuutpryse soos die Eugène Maraisprys (sien Smuts, 2005: 9) en die Lucy B. en C.W. van der Hoogt-prijs (sien Van der Veen, 2000: 53-54) lok telkens omstredenheid uit as gevolg van (byvoorbeeld) nietoekennings en bekroondes wat toekennings weier. Wat ook opval, is dat digters wat 'n kontroversiële postuur het, dikwels bekroon word met debuutpryse: Loftus Marais se ‘rockster’-postuur (as rebelse digter in leer) asook sy verbintenis met die Grobler-plagiaat-herrie is reeds vermeld (Grundlingh, 2005; Hambidge, 2009; Roopnarain, 2009); Peeters lewer verskeie omstrede uitsprake oor podiumpoësie en is as podiumkunstenaar in baie opsigte 'n verdelende figuur (Peeters, 2005; Vekemans, 2005); terwyl Perquin se vroeëre loopbaan as tronkbewaarder telkens in onderhoude en artikels oor haar uitgewys word (Van Hulle, 2009). Hierdie tendens herinner aan 'n uitspraak van Pieterse teenoor Hambidge (2006b) oor die kontroversie aangaande wat een resensent as ‘bose’ beelde in sy kortverhaalbundel, *Omdat ons alles is*, beskryf het: “Die debakel het daartoe gelei dat die boek twee keer in *Beeld* geresenseer is en die verkope was baie goed. No such thing as bad publicity!” Omstredenheid en skandaal lei beslis tot sigbaarheid in die literêre veld – iets wat veral 'n (onbekende) debutant kan bevoordeel. Uiteindelik is daar toenemende homologie tussen die literêre veld en die ekonomiese veld. Publisiteit (of dit nou boekverkope aanhelp of nie) lei tot die akkumulاسie van simboliese mag en uiteindelik groter welslae in die literêre veld.

5. Slot

Pryse is beslis 'n belangrike kanoniseringsmeganisme binne die literêre veld. Selfs debuutpryse wat nie die sogenaamde meesterwerke van 'n letterkunde vereer nie, het 'n funksie binne die magsveld van die letterkunde. Uiteindelik behoort dit

die doelwit van literatuurwetenskaplikes te wees om die veld waarbinne hulle hul bevind, beter te verstaan. Dit is dus veral nodig om te begryp hoe 'n verreikende verskynsel soos literêre bekronings werk, hoe kanonisering en literêre evaluering plaasvind en watter faktore dit beïnvloed.¹⁷

Universiteit van die Wes-Kaapland

Bronnelys

- Andriessen, Mischa.** 2012. Ester Naomi Perquin. Netherlands. Poetry International Web. <https://www.poetryinternationalweb.net/pi/site/poet/item/22516>. (Datum van gebruik: 13 Junie 2018).
- Anoniem.** 2007. Medewerker: Ilse van Staden. Bioskets. LitNet. <https://www.litnet.co.za/author/ilse-van-staden/>. (Datum van gebruik: 14 Junie 2018).
- Anoniem.** 2008. Erik Menkveld: 'Ik ben alleen maar een dichter'. Woest en Ledig. <http://www.woestenledig.com/woestenledig/2008/12/erik-menkveld-ik-ben-alleen-maar-een-dichter.html>. (Datum van gebruik: 1 Junie 2016).
- Anoniem.** 2017. Peter Verhelst wint de Herman de Coninckprijs 2017. <http://www.poezieweek.com/peter-verhelst-wint-herman-de-coninckprijs/>. (Datum van gebruik: 2 Augustus 2017).
- Barnard-Naudé, Jaco.** 2009. Om die kanon 'n klap te gee. *Die Burger*, 4 April.
- Boekkooi, Paul.** 1990. Om wêreld in 'n sandkorrel te sien. Literêre profiel. *Beeld*, 26 April.
- Bonthuys, Marni.** 2016. *'n Vergelykende ondersoek: Debuutpryse vir Afrikaanse en Nederlandstalige poësie. 1990 – 2009*. Ongepubliseerde proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Bourdieu, Pierre.** 1993. *The Field of Cultural Production*. Cambridge: Polity Press.
- Bourdieu, Pierre.** 1994. *De regels van de kunst. Wording en structuur van het literaire veld*. Amsterdam: Van Gennep.
- Breytenbach, Kerneels.** 1984. Breyten sê nee vir SA prys. *Die Burger*, 28 April.
- Burger, Willie.** 2002. Waar's die nuwe stemme in ons letterkunde? LitNet. http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=17710&cat_id=201. (Datum van gebruik: 5 September 2010).
- De Boer, Peter.** 1997. Uit de heup geschoten en bijna altijd raak. *Trouw*, 9 Desember.
- De Boer, Peter.** 2003. "Sstt, aardse koe, je jaagt haar weg." *Trouw*, 29 November.
- De Boer, Peter.** 2007. Het alledaagse wordt ongewoon. *Trouw*, 17 Maart.

- De Geest, Dirk.** 2013. De ene schryver is de andere niet: Het beeld van de auteur in een functionalistiese perspektief. *Werkwinkel*, 8(1): 45 – 64.
- De Moor, Wam.** 1993. *De kunst van het recenseren van kunst*. Amsterdam: Coutinho BV.
- De Nooy, W.** 1988. Gentleman of the Jury. The Features of Experts Awarding Literary Prizes. *Poetics*, 17: 531-545.
- De Nooy, W.** 1991. Social networks and classification in literature. *Poetics*, 20: 507-537.
- Dera, Jeroen.** 2015. “En dat vindt u vrouwelijk?” Posture versus imago in een televisie-interview met Jacques Hamelink (1969). *Nederlandse Letterkunde*, 20(3): 253-270.
- De Vos, Marjoleine.** 2005. *Dichtersgesprekken. Over het maken en lezen van poëzie*. Amsterdam/Rotterdam: Prometheus/NRC Handelsblad.
- De Vries, A.** 1991. Het Hertzogprys ’n tweederangse Artes geword? *Beeld*, 6 Mei.
- De Vries, Willem.** 2010. Afrikaanse en Engelse digters reageer op nietoekenning van Jonker-prys. *Die Burger*, 16 September.
- Dick, Jomarie.** 2003. Dán diere, dán digkuns. *Insig*, 30 November.
- Ekkers, Remco.** 2001. Het raadsel is veel groter dan we denken. *Poëziekrant*, 25: Julie – Augustus.
- English, James F.** 2002. Winning the Culture Game: Prizes, Awards, and the Rules of Art. *New Literary History*, 33(1): 109-135. Winter.
- English, James F.** 2005. *The Economy of Prestige: Prizes, Awards, and the Circulation of Cultural Value*. Cambridge: Harvard University Press.
- Franssen, Gaston.** 2009. No More Happy Endings. De veranderende poëzie van Ester Naomi Perquin. *Ons Erfdeel*, 3: 156-159.
- Gerbrandy, Piet.** 2001. De verleuking van alles van waarde. *De Volkskrant*, 30 Maart.
- Grundling, Erns.** 2005. Slag die heilige koeie. *Insig*, 31 Oktober.
- Hambidge, Joan.** 1990. Pieterse se debuut belowend. *Beeld*, 5 Maart.
- Hambidge, Joan.** 1993. Wil Brink deur Akademie bekroon word? *Beeld*, 23 September.
- Hambidge, Joan.** 2004. Suiwer stemme (en ’n paar valse). Boeke (resensies). *Insig*, 31 Desember.
- Hambidge, Joan.** 2006a. Marais se aangrypende, genoeglike debuut. *Rapport*, 22 Oktober.
- Hambidge, Joan.** 2006b. ABSA Ketting: Joan Hambidge gesels met Henning Pieterse. LitNet. <http://www.litnet.co.za/absa-ketting-joan-hambidge-gesels-met-henning-pieterse/>. (Datum van gebruik: 12 Junie 2016).
- Hambidge, Joan.** 2009. Debuut gee vreemde blik op die gewone. *Volksblad*, 12 Januarie.

- Hambidge, Joan en Pieterse, Henning.** 2005. Verslag oor Ingrid Jonker-prys 2005. Ongepubliseerde beoordelaarsverslag, 24 Februarie.
- Hartman, Menno.** 2014. In memoriam. Erik Menkveld. *Tirade*. <http://www.tirade.nu/?p=13391>. (Datum van gebruik: 14 Mei 2016).
- Jacobs, Ihette.** 2010. *Begrens én onbegrens: intertekstualiteit in die oeuvre van H.J. Pieterse*. Ongepubliseerde MA-tesis. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- Janssen, S.** 1994. *In het licht van de kritiek. Variaties en patronen in de aandacht van de literatuurkritiek voor auteurs en hun werken*. Hilversum: Verloren.
- Johnson, Randal.** 1993. Editor's Introduction. Pierre Bourdieu on Art, Literature and Culture. In: Bourdieu, Pierre. *The Field of Cultural Production*. Cambridge: Polity Press.
- Kleyn, A.J.T.** 2013. *'n Sisteemteoretiese kartering van die Afrikaanse literatuur vir die tydperk 2000-2009: Kanonisering in die Afrikaanse literatuur*. Ongepubliseerde proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Komrij, Gerrit.** 1997. Jonge dichters: Van riedeltjies en roffeltjies. *NRC Handelsblad*, 12 Junie.
- Koninklijke Bibliotheek.** <http://www.kb.nl/themas/nederlandse-poezie/moderne-nederlandse-dichters/>. (Datum van gebruik: 15 Junie 2018).
- Lindner, Erik.** 2014. I.M. Erik Menkveld (1959-2014). *De Revisor*, 31 Maart.
- Litteraire prijzen-databasis.** Letterkundig Museum. <http://www.litteraireprijzen.nl>. (Datum van gebruik: 2 Augustus 2017).
- Lourens, Amanda.** 1997. *Polemiek en kanon. Kanonisering van die vroulike outeur in die Afrikaanse prosa van die dertiger- tot die negentigerjare*. Ongepubliseerde D.Litt.- proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Marais, Danie.** 2006. *In die buitenste ruimte*. Kaapstad: Tafelberg.
- Marais, Loftus.** 2006a. Ab(so)lusie. *Tydskrif vir Letterkunde*, 43(1): 173.
- Marais, Danie.** 2006b. "Hawad, der einzige dichtende Tuareg". *Tydskrif vir Letterkunde*, 43(2): 211.
- Marais, Danie.** 2010a. Die poësie in die raamwerk van die verhalende vers. *Stilet*, 22(2): 124-143, September.
- Marais, Danie.** 2010b. Persvrystelling: Nuwe Ingrid Jonkerprys-komitee. Versindaba. <http://versindaba.co.za/2010/09/20/persvrystelling-nuwe-ingrid-jonkerprys-komitee/>. (Datum van gebruik: 15 Desember 2014).
- Marais, Loftus.** 2008. *Staan in die algemeen nader aan vensters*. Kaapstad: Tafelberg.
- Meizoz, Jérôme.** 2010. Modern posterities of posture. Jean-Jacques Rousseau. In: Dorleijn, Gillis J., Grüttemeier, Ralf and Altes, Liesbeth Korthals. (reds.). *Authorship Revisited. Conceptions of Authorship around 1900 and 2000*. Leuven/Paris/Walpole: Peeters.
- Menkveld, Erik.** 1997. *De karpersimulator. Gedichten*. Amsterdam: De Bezige Bij.
- Mooij, J.A.A.** 1973. Problemen rondom literaire waardeoordelen. *De Gids*, 136:

- 461-473.
- Mooij, J.A.A.** 1979. *Tekst en leer. Opstellen over algemene problemen van de literatuurstudie.* Amsterdam: Athenaeum – Polak & Van Gennep.
- Muller, Wayne.** 2009. Gedigte vir die kykers. *Die Burger*, 15 Januarie.
- Nel, Ronel.** 2006. Marais dig kinderlik eerlik. *Beeld*, 29 November.
- Nieuwoudt, Stephanie.** 2001. Bekgeveg met Dr. Death. *Beeld Plus*, 14 Julie.
- Norris, Sharon.** 2006. The Booker Prize: A Bourdieusian Perspective. *Journal for Cultural Research*, 10(2): 139-158.
- Odendaal, Bernard.** 2009. Narratiewe elemente in Danie Marais se debuutbundel 'In die buitenste ruimte' (2006). *Stilet*, 21 (2): 114-133, September.
- Peeters, Hagar.** 2003. *Koffers zeelucht.* Amsterdam: De Bezige Bij.
- Peeters, Hagar.** 2005. Adieu avantgarde! Naar een onbevangen poëziekritiek. *Awater*, Zomer: 8-12.
- Perquin, Ester Naomi.** 2007. *Servetten halfstok.* Amsterdam: GA van Oorschot.
- Pfeijffer, Ilja.** 2000. De mythe van de Verstaanbaarheid. *Bzzlletin*, 274: 74-87.
- Pieterse, H.J.** 1989. *Alruin.* Pretoria: HAUM-Literêr.
- Pieterse, H.J.** 1989a. Alruin. *Tydskrif vir Letterkunde*, xxvii (2): 1, Mei.
- Pieterse, H.J.** 2012. 'n Kort rit in 'n vinnige voertuig. *Tydskrif vir Letterkunde*, 49 (1): 147-149.
- Praamstra, Olf.** 1984. De analyse van kritieken. *Jaarboek voor de Neerlandistiek*, V: 241-264.
- Reints, Martin.** 2014. Erik Menkveld: 25 april – 30 maart 2014. *De Groene Amsterdammer*, 2 April.
- Rijghard, Ron.** 2004. Ik pel decorum af. *NRC Handelsblad*, 13 Februarie.
- Roopnarain, Colin.** 2009. He's into leather. *Sunday Tribune*, 4 Oktober.
- Schelstraete, Inge.** 2007. "Ik bulder niet." *De Standaard*, 9 Oktober.
- Schiferli, Victor.** 2008. Er zijn vele schakeringen Hagar. *Passionate Magazine*, 15 (5) September/Oktober.
- Schouten, Rob.** 1997. Kariatiden van het ogenblik. *Vrij Nederland*, 18 Oktober.
- Schouten, Rob.** 1998. Hedendaags hellenisme. Verbazing, fantasie en extase in de poëzie van het fin de siècle. *Ons Erfdeel*, 41: 491-505.
- Schouten, Rob.** 2004. Allerindividueelste emoties; Poëzie als breekbaar porselein. *Vrij Nederland*, 13 Maart.
- Schouten, Rob.** 2007. Lammetjes en een enkele wolf. *Vrij Nederland*, 21 April.
- Smith, Barbara Herrnstein.** 1983. Contingencies of Value. *Critical Inquiry*, 10(1): 1-35. September.
- Smith, Francois.** 2003. Afrikaanse poësie – hoop. *Die Burger*, 8 Desember.
- Smuts, J.P.** 2005. Die Akademie se letterkundepryse. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 45(1): 1-14.
- Spies, Lina.** 2007. Wat is poësie?: die misterie van 'n ondefinieerbare genre.

- Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 14(1): 93-109.
- Stichting Poëziefestival Landgraaf.** Jo Peters Poëzieprijs. <http://poeziefestivallandgraaf.nl/jo-peterspoezieprijs/geschiedenis/>. (Datum van gebruik: 20 Julie 2016).
- Street, John.** 2005. "Showbusiness of a Serious Kind": A Cultural Politics of the Arts Prize. *Media, Culture & Society*, 27(6): 819-840.
- Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.** 2009. *Die Akademiepryse 1909 – 2009*. Publiseif Uitgewers.
- Terblanche, Erika.** 2014a. ATKV-Skrywersalbum. Danie Marais (1971 –). LitNet. <http://www.litnet.co.za/Article/danie-marais-1971>. (Datum van gebruik: 5 Mei 2015).
- Terblanche, Erika.** 2014b. ATKV-Skrywersalbum. Loftus Marais (1982 –). LitNet. <http://www.litnet.co.za/Article/loftus-marais-1982>. (Datum van gebruik: 25 November 2014).
- Truijens, Aleid.** 2005. "Ik wil delen wat ik met niemand deel." *De Volkskrant*, 7 Julie.
- Van Coller, Hennie.** 2010. 'n Kritiese blik op enkele van die literêre pryse van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 50 (4): 484-501. Desember.
- Van den Berg, Arie.** 2003. Hou me toch vast met echte armen. *NRC Handelsblad*, 28 November.
- Van den Bergh, Thomas.** 2001. Geen hapklare poëzie. *Elsevier*, 17 Februarie.
- Van den Breemer, Anna.** 2015. Ester Naomi Perquin: "Ik wil merlot van politici maar ik krijg ranja". *De Volkskrant*, 12 November.
- Van der Merwe, Kirby.** 2007. Wanneer woorde spook. *Beeld*, 27 Oktober.
- Van der Straeten, Bart.** 2007. Wie wint de C. Buddingh'-prijs? *De Morgen*, 20 Junie.
- Van der Veen, Petra.** 2000. De overlevingswijze van de Lucy B. en C.W. van der Hoogt-prijs. Verstoppertje spelen in de prijzenjungle. *Nieuw Letterkundig Magazijn*, 18: 52-59.
- Van Duijnhoven, Serge.** 1997. De poëzie wordt de keel dichtgeknepen; jonge dichters vind je niet in de boekenkast. *NRC Handelsblad*, 18 Julie.
- Van Gogh, Ruben.** (samest.). 1999. *Sprong naar de sterren. De laatste generatie dichters van de twintigste eeuw*. Utrecht: Kwadraat.
- Van Hulle, Jooris.** 2009. "Het is mijn grootste verlangen te ontkomen aan dat hinderlijke ik." *Poëziekrant*, 33, Mei.
- Van Rees, C.J.** 1983. How a Literary Work Becomes a Masterpiece: On the Threefold Selection Practised by Literary Criticism. *Poetics*, 12: 397-417.
- Van Rees, C.J. en G.J. Dorleijn.** 2005. De impact van literatuuropvattingen in het literaire veld. Aandachtsgebied literaire opvattingen van de Stichting

- Literatuurwetenschap. Digitale Bibliotheek voor de Nederlandse Letteren. http://www.dbnl.org/tekst/rees001impa01_01/colofon.php. (Datum van gebruik: 5 Julie 2013).
- Van Rees, Kees en Dorleijn, Gillis J.** 2006. Het Nederlandse literaire veld 1800-2000. In: Dorleijn, Gillis J. en Van Rees, Kees. (reds.). *De productie van literatuur. Het literaire veld in Nederland. 1800-2000*. Nijmegen: Vantilt.
- Van Staden, Ilse.** 2003. *Watervlerk*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Veelen, Arjen.** 2009. Lucas Hirsch, Eva Cox en Ester Naomi Perquin over hun tweede bundel. *Awater*, 8(2) Zomer.
- Vekemans, Herlinda.** 2005. Mannen, vrouwen, poëzie en wetenskap. *Meander*. <http://eerder.meandermagazine.net/artikelen/artikel.php?txt=1121>. (Datum van gebruik: 10 Junie 2016).
- Verdaasdonk, Hugo.** 2008. *Snijvlakken van de literatuurwetenskap*. Nijmegen/Amsterdam: Vantilt.
- Vergeer, Koen.** 2016. Altijd waaksaam. *Poëziekrant*, 40 (2) Maart.
- Verroen, Sarah.** 1995. Literaire prijzen, wat moeten we ermee? *Ons Erfdeel*, 38(2): 244-249.
- Viljoen, Hein.** 1992. Evaluering (literêre). In: Cloete, T.T. (red.) *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Viljoen, Louise.** 2002. Nuwe stemme in die Afrikaanse letterkunde. LitNet. <http://www.oulitnet.co.za/seminaar/viljoen.asp>. (Datum van gebruik: 5 Junie 2016).
- Viljoen, Louise.** 2009. Die Afrikaanse poësie se nuutste rockster verskyn met sterk debuut. LitNet. <http://www.litnet.co.za/Article/die-afrikaanse-po-sie-se-nuutste-rockster-verskyn-met-sterk-debuut>. (Datum van gebruik: 26 November 2014).
- Vogel, Marianne.** 2001. *Baard-boven-baard. Over het Nederlandse literaire en maatschappelijke leven. 1945-1960*. Amsterdam: Van Gennep.

Note

1. Sien Bonthuys, Marni. 2016. *'n Vergelykende ondersoek: Debuutpryse vir Afrikaanse en Nederlandstalige poësie. 1990-2009*. Ongepubliseerde proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
2. Sien onder meer die Literaire prijzen-databasis van die Letterkundig Museum in Den Haag (<http://www.literaireprijzen.nl>) vir 'n volledige lys van pryse vir Nederlandstalige letterkunde.
3. Sien Bonthuys, 2016: 359
4. Sien Viljoen (1992: 110) in sy uiteensetting van 'literêre evaluering' as lemma in *Literêre terme en teorieë* vir 'n volledige uiteensetting van hierdie debat oor literêre waarde.
5. *Koffers zeelucht* is Perquin se tweede bundel. Aangesien talle van die geselekteerde debuutpryse

- tweede publikasies in ag neem, kwalifiseer hierdie bundel ook as een van die gevalle in dié studie.
6. Nie een van die Nederlandstalige gevalle is 'n Vlaming nie. In die ondersoekperiode word aansienlik minder Vlaminge vir die geselekteerde debuutpryse genomineer hoewel Belge in werklikheid vir meer van die Nederlandstalige debuutpryse in aanmerking kom as Nederlanders.
 7. Sien ook Johnson (1993: 6-8).
 8. Sien hier Bonthuys (2016) vir 'n tabellering van alle resepsietekste van debuutprysweners tussen 1990 en 2009.
 9. Interessant genoeg, werk sy toenemend meer in die literêre veld na haar debuut verskyn en verwerf sy onder meer 'n kwalifikasie in kreatiewe skryfkuns (Anon., 2007).
 10. Verdaasdonk (2008: 134-135) illustreer byvoorbeeld watter vroeëre prystoekennings skynbaar 'n invloed het op die uiteindelijke verwerwing van die belangrike P.C. Hooft-prijs.
 11. Sien Van den Berg (2003) en Stichting Poëziefestival Landgraaf.
 12. Sien Hambidge (2004) en Hambidge en Pieterse (2005).
 13. Die Nederlandse podiumdigter Ruben van Gogh stel die die bloemlesing *Sprong naar de sterren* (1999) saam – 'n bundeling van 'n “stroom nieuwe” Nederlandstalige poësie wat spesifiek geskryf is in die tyd van die millenniumwending. Hy verwys daarna in die bundel se inleiding as “gebeurende poëzie” wat omskryf kan word as gedigte “die haast allemaal daadwerkelijk plaasvinden, ergens ver weg van het papier” en “een sterk filmisch karakter” het “alsof het papier beeldscherm is geworden”.
 14. Ilse van Staden se werk word opgeneem in *Nuwe stemme 2* en Danie Marais en Loftus Marais se gedigte verskyn in *Nuwe stemme 3*. Kleyn (2013: 192) wys onder andere op die publikasiemoontlikhede en blootstelling wat opname in Tafelberg se *Nuwe stemme*-reeks bied en lys die talle debute wat verskyn het ná opname in hierdie versamelbundels.
 15. Sien Bonthuys (2016) vir 'n opsomming van al die media-artikels van die gevalle wat vóór hulle debute verskyn.
 16. Let daarop dat tweede bundels ook vir die geselekteerde debuutpryse in aanmerking kom.
 17. Hierdie artikel word onderlê deur navorsing wat ondersteun is deur die Nasionale Navorsingstigting. Enige mening, bevinding en gevolgtrekking of aanbeveling uitgedruk in hierdie artikel is dié van die outeur daarvan en die NNS aanvaar geen aanspreeklikheid in hierdie verband nie.